WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO
Reeks H: Inougurele Redes Nr. 29

# 'N PLEIDOOI VIR VERNUWING IN DIE BESONDERE KANONIEK – TOEGELIG AAN DIE HAND VAN DIE EVANGELIE VAN JOHANNES

J.C. Coetzee

Potchefstroomse Universiteit vir CHO
1976

# 'N PLEIDOOI VIR VERNUWING IN DIE BESONDERE KANONIEK – TOEGELIG AAN DIE HAND VAN DIE EVANGELIE VAN JOHANNES

## 1. INLEIDING

### 1.1 Uitgangspunt

Ek stel duidelik voorop: die teologie soos ek dit (saam met my kollegas) beoefen en wil beoefen aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en in die Fakulteit Teologie van die PU vir CHO dra 'n bepaalde stempel. Ons wil nie die wetenskap ter wille van die wetenskap as sodanig beoefen nie. Ons soek na 'n Teologie-In-U-Lig, met as einddoel: Alleen aan God die eer (Soli Deo Gloria). Maar juis daarom moet dit wetenskap ten beste wees, van allerhoogste standaard: nooit 'n teologie ter wille van die teologie nie; wel 'n teologie ten beste – om die Kerk van die Here Christus, en die Here Christus van die Kerk daarmee te dien; 'n teologie om die bediening van die Woord, die prediking van die Evangelie te bevorder.

### 1.2 Voorlopige motivering

Voordat ons kom tot 'n kort formulering van wat hierdie voordrag beoog, wil ek, in ooreenstemming met ons gestelde uitgangspunt, 'n voorlopige motivering gee vir dit wat ek wil bepleit en wel vanuit die nood van die Woordbediening in ons kerke:

Van die opgestane Christus lees ons in *Lukas 25:25*: „Toe open Hy hulle verstand *om die Skrifte te verstaan*". Wie dan leraar in diens van ons Hoogste Profeet en Leraar is, het hierdie roeping en taak ontvang: *om mense die Skrifte te laat verstaan.*

Die ontstellende vraag dring hom egter aan ons op waarom die kerkvolk te midde van twee preke elke Sondag deur ons leraars, grootliks veragter in plaas van groei in kennis van die Skrifte?

Daar bestaan tog myns insiens geen gevaar van teëspraak wanneer ons verklaar: ons mense (van ál die Afrikaanse kerke) kén die Bybel nie meer soos dit moet nie – nie net die buitekerklikes of die kerklike randeiers nie, maar ook tot op ontstellende hoogte die twee maal per Sondag-kerkgangers. En 'n kerkvolk sonder kennis (ware *begrips*kennis) van die Skrifte *moet* te gronde gaan (Hosea 4:6).

Waar ontstaan die probleem?

Is die preke self nie inherent te lig, te weinig didache, ware lering, oopdekking van die Skrifte nie? Moet daar nie ook deur ons leraars veel meer positiewe leiding uitgaan aan die gemeentelede oor hoe hulle self die Skrifte sinvol moet lees en bestudeer nie?

Sekerlik, die prediking moet mense *in die hart* gryp, maar die appèl van ons prediking sal altyd maar alte vlugtig blyk te wees solank as wat die *kerugma* van die prediker gebrek ly aan ware *didache* – solank as wat die hoorder nie na die preek kan getuig: nou is my insig in, my verstaan van die Skrifte verdiep, nie. En hieraan, vrees ek, gaan ons prediking alte veel mank.

En nou wil ek die stelling maak dat een van die oorsake van hierdie leemte die feit is dat ons predikante self nie altyd genoegsaam die afsonderlike Skrifte as selfstandige eenhede kén, deurgrond en kan beheers nie. Dit is nie dat die Gereformeerde waarheid nie geken word nie, maar wel dat daar 'n gemis is aan kennis van en insig in die struktuur, die gedagte-opbou en die geheelboodskap, as u wil die tema, van die afsonderlike boeke van die Bybel. Gevolglik gebruik te veel predikers die Bybel as 'n teksboek vol bewysplaatse vir waarhede wat tuisgebring moet word – een reuse-Boek waarin elke week koorsagtig rondgesoek word na tekste vir Sondag se twee preke.

Daarom word daar ook merendeels weggeskram van didakties-kerugmatiese *reeksprediking,* waarin 'n Bybelboek stelselmatig vir die gemeente oopgemaak word – omdat dit vir die leraar self nog in 'n mate 'n geslote boek is.

Ook stel ons teenoor sektariese rigtings gedurig dat tekste nie uit hul verband geruk mag word nie, maar meer male beteken dit in *ons* prediking òok nie veel meer nie as dat daar darem van die paar omliggende versies ook eksegese gedoen word. Maar dit is eers wanneer vasgestel is hoe die teks inpas in die geheel van die boek, hoe dit in verband staan met die sentrale boodskap, wat sy strukturele plek in die geheelopset is, dat werklik sprake kan wees van die teks *in die verband* waarin dit voorkom. Die saak waarom dit hier gaan is nie kritiek op predikante nie, maar om die vraag aan die orde te stel: *in welke mate is* ons predikante wanneer hulle uitgaan in die bediening *hiervoor teologies toegerus?* Is dit die gevolg van 'n leemte in die teologiese opleiding – dat ons te veel *rondom* die Bybel besig is, en te min die studente inlei *in die Bybel* self? Indien wel, wat kan en moet gedoen word om hierdie leemte te vul?

### 1.3 Ons pleidooi

Hierdie voordrag stel dan dat daar 'n prinsipiële noodsaaklikheid en 'n akute konkrete behoefte bestaan dat die gereformeerde Besondere Kanoniek indringender besig raak met *die boodskap self* van die verskillende Bybelboeke.

Ek lewer 'n pleidooi vir 'n verskerpte aandag aan en toepassing van veral

*struktuur-analise* as 'n metode om te kom tot die wetenskaplike oopdekking van die strukturele eieaard en die gedagte-opbou van die afsonderlike boeke van die Nuwe Testament. Van hieruit moet, mede deur ander bruikbare metodes, die Besondere Kanoniek indringender deurtas tot die kerugmatiese eieaard, die besondere eie boodskap van die afsonderlike boeke. Dan eers kan die Besondere Kanoniek ook beantwoord aan sy wese en doel soos ons dit sien, naamlik die vasstelling van die besondere openbaringsbydrae en openbaringsbetekenis van elke Bybelboek in die organiese geheel van die Kanon.

Negatief gestel: dit gaan om 'n pleidooi dat ons in die beoefening van die gereformeerde Besondere Kanoniek van die Nuwe Testament (resp. Ou Testament) ons navorsingsterreine, ons prioriteite, asook ons leerplanne nie vir ons laat bepaal deur die belangstellingsveld en voorkeure van die meestal kritiese beoefening van die sogenaamde Inleidingswetenskap nie.

Wat ons pleidooi in concreto behels sal ons toelig met 'n kursoriese struktuuranalise van die Evangelie van Johannes.

## 2. PRINSIPIËLE VERANTWOORDING

Veral sedert die verskyning van Abraham Kuyper se Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid in 1894 word die Nuwe Testamentiese vakwetenskap wat in Duitsland as Einleitung in das Neue Testament en in die Angel-Saksiese wêreld as Introduction to the New Testament bekend staan, vry algemeen in die Diets-gereformeerde teologie genoem: Kanoniek (Algemene en Besondere) van die Nuwe Testament.

### 2.1 Waarom nie Inleidingswetenskap nie?

Die onhoudbaarheid van die benaming Inleidingswetenskap van die Nuwe Testament staan vir ons vas:

(i) Inleidingswetenskap sou alleen 'n sinvolle naam kon wees as die studie streng beperk sou bly tot werklik *inleidende* vrae, byvoorbeeld na die outeurs, datering, geadresseerdes, aanleiding tot skrywe, literêre genre. Maar sodanige studies op sigself is nog geen *teologiese wetenskap* nie! Dit sou veeleer tuishoort op die terrein van die Literêre Kritiek of die Literatuurgeskiedenis. Hierop het Kuyper (1894, p. 42) reeds afdoende gewys.

(ii) Dit is selfs 'n wesenlike vraag of 'n sogenaamde Inleidingswetenskap wat getrou bly aan sy naam *Inleiding* met enige reg volwaardig as wetenskap gereken mag word. As die studie hom andersyds *nie* meer beperk tot suiwer inleidende vrae nie, maar begin deurtas na die inhoud en boodskap van 'n bepaalde literatuurgroep, is dit metterdaad geen *inleidende* studie meer nie

(onder andere Kuyper, 1894, pp. 23-24).

(iii) Om dus volwaardig *wetenskap* te kan wees, én om waarlik *teologie* te kan wees, móét die onderhawige vakwetenskap deur die inleidende vrae heen deurdring tot die struktuur, eieaard, sentrale tema (temas), tot die *kerugma* van die afsonderlike Geskrifte van die Nuwe Testament. Tewens, dit word op 'n eie wyse in stygende mate erken ook deur die kritiese teologie met hul Redaktionsgeschichte wat die teenswoordige studie van die Nuwe Testament grootliks oorheers (vgl. 4.3 hieronder).

(iv) Sodra daar egter deurgedring moet word na die kerugma of prediking van die Nuwe Testamentiese Geskrifte word die navorser gekonfronteer met die feit dat hierdie Geskrifte hulself met hul ganse prediking aandien as unieke Geskrifte, as Godgegewe rigsnoer, *as Kanon.* Daarom laat die benaming Inleiding in die Nuwe Testament by uitstek nie reg geskied aan die uniekheid van die Nuwe Testamentiese Geskrifte as Woord van God nie, aangesien dié naam die Nuwe Testament op een lyn plaas met elke ander literatuurgroep.

Ons verwerp dus die naam Inleidingswetenskap of Inleiding in die Nuwe Testament en kies steeds vir die naam Besondere Kanoniek (en Algemene Kanoniek) van die Nuwe Testament.

Maar dan stel hierdie behoorlik verantwoorde naam vir dié vakwetenskap sy besliste eise ten aansien van die omvang van die navorsingsveld sowel as kernvrae wat die vakwetenskap moet beantwoord.

Soos Kuyper (1894, p. 43) tereg opgemerk het: „Juist daarom leggen we er nadruk op, dat ook het onderzoek naar de afzonderlijke boeken des Bijbels, voor zooverre dit een theologisch karakter draagt, onder de disciplinae canonicae moet gerekend worden, en niet als historisch-critische inleiding mag worden aangediend. Dit verschil toch vloeit voort niet uit een doellozen strijd over den naam van dit vak, maar uit het *wezen zelf* der studiën, dat in dit vak aan de orde komen. Het probleem toch, dat aan dit vak ter oplossing wordt voorgelegd, is niet, om eens historisch, litterarisch en critisch alles over deze boeken te zeggen, wat daarover bijeen is te lezen; maar heel anders, om op wetenschappelijke wijze, voor zooverre de gegevens strekten, ons elk dier boeken als een *canoniek geschrift* te verklaren".

## 2.2 Prinsipiële implikasies van die erkenning van die naam Besondere Kanoniek

Ons wil dan ten sterkste pleit dat radikale erns gemaak word met die prinsipiële implikasies van ons erkenning van genoemde wesensnaam:

(i) Wanneer naamlik 'n vakwetenskap *Kanoniek* genoem word, word daarmee onherroeplik 'n beginselstandpunt ten opsigte van die wesenlike van daardie wetenskap ingeneem: hier is 'n wetenskap wat as objek het 'n boek

of boeke wat erken word as die *Kanon* – dus as unieke, gesaghebbende rigsnoer, maatstaf en reël van die geloof omdat dit die onweerspreekbare Woord van God is (vgl. NGB artt. IV-VI). *Ons erken hiermee as voorveronderstelling by die beoefening van die vak die gesag van die Bybel as onfeilbare, geïnspireerde Woord van God.*

(ii) Wanneer ons voorts die onderhawige vakwetenskap kwalifiseer as *Besondere* Kanoniek, lê daarin die erkenning opgesluit dat die Bybel dan tog nie 'n enkele boek of 'n absoluut homogene groep van boeke is nie, maar 'n *bloemlesing,* met 'n verskeidenheid geskrifte en 'n verskeidenheid literatuursoorte – boeke met uiteenlopende agtergronde, doeleindes, trefpunte. Agter die benaming *Besondere* Kanoniek lê dus die prinsipiële erkenning van die sogenaamde *organiese* karakter van die Skrifinspirasie; dat die menslike outeur by die ontstaan, vormgewing, stofkeuse, segswyse, boodskap, ja, by die totaliteit van elke boek een honderd persent betrokke was. Daar *móét* dus konsekwent rekening gehou word met die eieaard en individualiteit van elke boek.

(iii) Die verbinding *Besondere – Kanoniek* bring onder formule die erkenning van die verskeidenheid sowel as die eenheid van hierdie boeke: elke boek het sy besondere eieaard en boodskap wat onderken móét word; almal vorm tog ook weer saam een Kanon. Hierdie vakwetenskap moet dus die *besondere* van elke boek *binne die eenheid* van die Kanon en sy plek ter uitbouing van die eenheidsboodskap van die Godsopenbaring in die geheel van die Kanon raakvat.

(iv) Die prinsipiële, wesenlik-onmisbare implikasies vir die suiwere beoefening van die vak Besondere Kanoniek is dus nou voor die hand liggend:

* Ons erken dat God in elke betrokke boek van die Nuwe Testament aan die woord is en ons gesaghebbend en onfeilbaar daarin aanspreek. Ons is geroepe om deur te dring tot die kern van die Godspraak in die verskillende boeke van die Bybel.
* Ons erken dat God in die teboekstelling van sy openbaring verskillende mense in *volle* menslike verantwoordelikheid en *medewerking* gebruik. Ons is dus geroepe om 'n oog te hê vir die heel unieke, eiesoortige karakter van elke afsonderlike Nuwe Testamentiese Geskrif, in besonder ook van die vier verskillende Evangelies. Die Besondere Kanoniek beantwoord eers dán aan sy wese wanneer die onderhawige Geskrifte in hul unieke, strukturele en kerugmatiese eieaard onderken en bestudeer word.
* Ons erken die eenheid van die Kanon as Woord van God. En daarom bereik die Besondere Kanoniek eers dán sy wesenlike einddoel wanneer dit ten opsigte van elke onderhawige Geskrif sy besondere plek en openbaringsbetekenis in die geheel van die Godsopenbaring nagevors en geëvalueer het.

Wat hierbo gestel en bepleit is, is natuurlik nie rewolusionêr nuwe klanke nie. Abraham Kuyper het dit in sy Encyclopaedie reeds bepleit.

So verklaar hy reeds:

„Immers het probleem, dat deze Schriften ons stellen, is volstrekt niet alleen, om de verschillende vragen te beantwoorden, die omtrent de schrijvers ervan, hun tijd van ontstaan en wijze van compositie rijzen; maar veel meer nog, om ons te zeggen, wat elk dezer geschriften in den Canon doet; waarom dit of dat geschrift een integrerend deel van het organisme van den Canon uitmaakt..." (1894, p. 45).

„...houdt de Canonica specialis zicht juist bezig met de vraag, waarom in dezen edelen boomgaard ook die en die boom een plaats vond, of wilt ge, welke gedachte bij de opneming van juist *dit* boek in den Canon voorzat, en dus ook, wat de bijdrage is, die juist *dit* boek voor den Canon, of, wil men, voor de Historia revelationis levert" (1894, p. 59).

Dit laat egter temeer 'n akute vraag na vore kom:

## 3. HOEVEEL HET HIERVAN TERREGGEKOM IN DIE BEOEFENING VAN DIE GEREFORMEERDE TEOLOGIE?

Die antwoord is ongelukkig: heel weinig.

'n Kort historiese oorsig bied die volgende beeld:

(i) Die gereformeerde tradisie van Evangelie-navorsing begin met Calvyn se kommentare, wat opvallenderwys bestaan uit *'n Harmonie van die Evangelies van Mattheüs, Markus en Lukas!*

Calvyn (1845, pp. xxxix-xl) motiveer hierdie metode van kommentariëring soos volg: „...it is beyond all dispute, that it is impossible to expound, in a proper and successful manner, any one of the Evangelists, without comparing him with the other two; and, accordingly faithful and learned commentators spend a very great portion of their labour on reconciling the narratives of the three Evangelists. But as it frequently happens that persons of ordinary abilities find the comparison to be no easy matter, when it is necessary to pass at every turn from one to the other, I thought that it might prove to be a seasonable and useful abridgement of their labour, if I were to arrange the three histories in one unbroken chain, or in a single picture, in which the reader may perceive at a glance the resemblance or diversity that exists. In this way I shall leave out nothing that has been written by any of the three Evangelists..." Calvyn self het dus in sy Skrifstudies nog weinig oog gehad vir die eie betekenis en *eie* openbaringsboodskap van die onderskeie Evangelies.

(ii) Na die reusewerk van Calvyn op die terrein van Skrifuitleg, het die calvinisties-gereformeerde teologie in die 17e en 18e eeue *verstar* sover dit navorsing in die Nuwe Testament betref. Dit — besonderlik navorsing op die

terrein van wat ons ken as Besondere Kanoniek – is rustig gelaat in die hande van die opkomende Historiese Kritiek.

(iii) Die 19e eeu word totaal oorheers deur die uitbouing van die Inleidingswetenskap van die Radikale Historiese Skool.

(iv) Die tydperk na Kuyper, en wel die dekades *voor* die Tweede Wêreldoorlog bring 'n herlewing op Nuwe Testamentiese gebied in die Diets-gereformeerde wêreld met 'n redelike sterk stroom van eksegetiese kommentare.

(v) Die eerste kwarteeu *na* die Tweede wêreldoorlog verteenwoordig 'n welkome opbloei van veral die Openbaringsgeskiedenis waarin die vroeëre werk van F.W. Grosheide, en die groot standaardwerke van H.N. Ridderbos in Nederland, en hier ter plaatse die baanbrekerswerk van W.J. Snyman (wie se uitnemende werk dringende publikasie verdien), veral uittroon.

(vi) Steeds moet daar egter gewag word dat die Diets-gereformeerde teologie volle reg laat geskied aan die wesenlik belangrike vak Besondere Kanoniek. Kostelike flitse, maar sporadies en uiters kursories kom wel voor in gereformeerde kommentare, maar metterdaad is daar nog skaars geraak aan die werklike wesenlike aspekte van die Besondere Kanoniek, soos hierbo prinsipieel bepleit is[1]. Te lank het ons gereformeerde Besondere Kanoniek wel hierdie besondere naam gedra asook 'n Skrifbehoudende stempel sonder om egter *inhoudelik* noemenswaardig te verskil van die *Introductions* van die meer kritiese Anglo-Saksiese teologie en van die *Einleitungs* van die oorwegend skerp kritiese Duitse teologie. Die *formalisme* van die Inleidingswetenskap het steeds die toon aangegee, en die Besondere Kanoniek van gereformeerde kant het almaar weer vasgesteek by uitvoerige besprekinge en weerlegginge van allerlei kritiese teorieë en dikwels spitsvondige hipoteses oor onder andere die skrywer, datering, lokalisering, verborge doeleindes agter die skryf van die boek, die gebrek aan eenheid, skriftelike en mondelinge bronne agter die Evangelies.

Daar moet radikaal uitgebreek word uit hierdie keurslyf waarin die Besondere Kanoniek ingedruk is. Die vak mag nie opgaan in die formalistiese en die apologetiese nie! Die stelling moet ook gemaak word dat, hoewel die gereformeerde teologie veral sedert die werk van Kuyper en Bavinck (in voetspoor van Calvyn) formeel afgereken het met die meganiese Skrifinspirasieleer, dit tog in praktyk (sy dit dan spesifiek op die gebied van die Bybelse vakke) nie altyd die konsekwensies van die *organiese* inspirasie na behore deurgetrek het nie. Gevolglik is daar wel erken dat die verskillende skrywers 'n eie woordeskat, taalgebruik, skryfstyl en doel gehad het, maar is daar weinig erkenning gegee aan, en dus weinig indringende navorsing gedoen na, die wyse waarop 'n Evangelieskrywer se doel sy wyse van stofaanbieding beïnvloed het; die eie opset; die eienaardige stofseleksie; die kenmerkende strukturele inkleding – almal aspekte wat uiters belangrike lig kan werp op die verstaan van veral die

historiese (maar ook ander) boeke van die Nuwe Testament.

## 4. DRINGENDE KONKRETE BEHOEFTES AAN VERNUWING IN GENOEMDE BANE

Na die voorafgaande prinsipiële verantwoording, wil ons slegs enkele kursoriese opmerkings maak oor dringende konkrete behoeftes aan vernuwing van die Besondere Kanoniek in die genoemde bane.

### 4.1 'n Behoefte vir deeglike lerende (didaktiese) prediking en vir die opbou in Skrifkennis by die gemeente

Hierop is, vanweë die kardinale belang daarvan, reeds ter inleiding (vgl. 1.2 hierbo) gewys.

### 4.2 Van onmisbare waarde vir ander Nuwe Testamentiese dissiplines

'n Neiging tot 'n alte *meganiese skeiding* van die vakke van die Nuwe Testament het ongetwyfeld nie weinig nie bygedra tot die verenging en verarming van die Besondere Kanoniek tot skaars meer as 'n blote Inleiding in die Nuwe-Testament, uit vrees dat te veel navorsing op die inhoudelike vlak van die Skrifte en die Besondere Kanoniek mag laat indring in die sogenaamde *eie terreine* van die Eksegese of die Openbaringsgeskiedenis.

Inderwaarheid hou 'n verskraling van die Besondere Kanoniek tot formele inleidingsvrae ook in die verarming van die Eksegese en die Openbaringsgeskiedenis, omdat hulle die verrykende insigte wat die detailstudie van strukturele opset, sentrale tema (temas) en openbaringsbydrae van afsonderlike boeke as eenhede binne die geheel van die Kanon ontsê word.

Gelukkig is die neiging tot waterdigte skeidings tussen vakke in die teologie oral in die wêreld besig om te verdwyn, en mag mens vertrou dat daar ook vir die Besondere Kanoniek sonder weerstand ruimte geskep kan word – ter verryking van die gereformeerde teologie.

### 4.3 'n Dringende noodsaaklikheid in die lig van moderne ontwikkelinge op die gebied van die histories-kritiese Inleidingswetenskap

Die vyftigerjare van ons eeu verteenwoordig *'n wendingspunt* in die kritiese Inleidingswetenskap. Sedertdien word van daardie kant eindelik weer gevra vir aandag aan die Evangelies *self*, na byna drie eeue waarin die belangstellingsveld al verder van die inhoud van die Evangelies, soos ons hulle het, wegbeweeg het na die tradisie-geskiedenis agter hulle.

Die 18e eeu word gekenmerk deur die *Historiese Kritiek* wat die aandag opeis vir die vraag na die historiese waarde van die Evangelies.

Die 19e eeu word oorheers deur die. *Bronnekritiek* wat van die Evangelies terugbeweeg op soek na die skriftelike bronne daaragter.

Die Formgeschichte van die jare 1920 tot 1950 gaan nog 'n stap verder weg van die Evangelies en wil die mondelinge tradisie agter enige skriftelike bronne naspeur. In ons tyd, sedert 1950, kry ons by die kritiese Inleidingswetenskap egter 'n geheel nuwe belangstelling in die *kerugma self* van die afsonderlike Evangelies.

Ons het te doen met die opkoms van die sogenaamde *Redaktions*geschichte[2]), wat nie tevrede is om langer soos die Formgeschichte die Evangeliste net te sien as plakboekversamelaars, maar hulle wil erken as werklike skrywers of, in hulle taal dan, as skeppende redaktors wat ook 'n eie belangrike kerugma of boodskap wil bring met hulle boeke. Ons het hier dus 'n terugkeer tot dit wat in die Bybelboeke self voorkom; 'n nuwe belangstelling in hulle komposisie, hulle inhoud en boodskap.

In soverre is hierdie rigtingwending welkom en moet dit ons verder stimuleer om self ook met 'n nuwe en intenser oor te gaan luister na die *eie* boodskap van elke Evangelie.

Maar dit is ook 'n gevaarlike nuwe rigting waarmee ook hier te lande dringend erns gemaak sal moet word omdat dit besig is om ook in die nog jonge Afrikaanse teologie navore te tree.

Die gevaar van hierdie nuwere rigting is veral geleë in die volgende feit: *Redaktiongeschichte verteenwoordig geen breuk met sy kritiese verlede nie.* Dit konsentreer wel op 'n ander, lank miskende vlak, maar dit bou geheel en al op die fondament (o.i. 'n wankele fondament van die historiese kritiek, die bronnekritiek én die vormhistoriese kritiek. Dit neem dus prinsipieel én metodologies uitgangspunt in die resultate van die bronnekritiek en die rekonstruksie van die mondelinge tradisie-eenhede deur die Formgeschichte, maar wil net nie daarby volstaan nie, „whereas form criticism is primarily concerned with the shaping of and formation or the oral traditions, Redaktionsgeschichte is primarily concerned with what the individual writers of the gospels did with the materials (both oral and written) available to them" (Stein, 1969, pp. 48-49).

Daarom vra Redaktionsgeschichte nie soseer na die prediking van die *Evangelie* soos dit daar vir ons gegee is nie, want dit wil die Evangelie nie soseer sien as 'n *openbaringseenheid* nie, maar eerder as die produk van 'n teoloog. Die „redaktor" is 'n vroegschristelike teoloog wat 'n massa los tradisie-stukkies versamel en rangskik en van kommentaar voorsien om daaraan die kleur te gee van sy eie persoonlike teologiese siening. Die belangstelling van die redaksie-historikus konsentreer daarom primêr op die sogenaamde *lasplekke* in die

Evangelie; daar waar die redaktor die los stukke tradisie met sy kommentaar aanmekaar sou gevoeg het – dáár veral sou die eie teologiese siening en die boodskap van die redaktor aan die lig kom.

Ons het hier dus 'n moderne rigting wat die Evangeliste sien as skeppende teoloë wat die losse tradisie materiaal saamsmelt en omvorm tot 'n eie nuwe teologie aangaande Jesus, wat nie noodwendig (meermale waarskynlik nie) verband hou met die werklike woorde en dade van die historiese Jesus nie.

Ek het gesê dat hierdie rigting reeds in die Afrikaanse teologie sy verskyning gemaak het. Ek verwys na die indringende proefskrif van dr. W. Nicol (1972). Hierdie proefskrif, geskryf onder promotorskap van Herman Ridderbos „who suggested this interesting subject" (Nicol, 1972, Acknowledgements), loop die volle pad van die Bronnekritiek, Formgeschichte en Redaktionsgeschichte met die Evangelie van Johannes. Nicol wil dus langs die weg van metodologiese stappe wat ontwikkel is deur die Historiese Kritiek, kom tot vasstelling van die prediking en teologie van die skrywer van die *Vierde Evangelie* ('n benaming van die evangelie van Johannes wat, hoewel nie in sigself verkeerd nie, tot slegs in swang gekom het vanuit 'n skeptisisme ten opsigte van die historiese betroubaarheid van hierdie bybelboek).

Ondanks ernstige pogings om in sy uitsprake *versigtig* te wees, is die resultaat tog dat Nicol reeds ver beweeg op die pad van kapitulasie voor die skeptisisme en Skrifkritisisme: Ondanks Johannes 1:14; 19:35; 21:24-25 durf hy van die skrywer van die Evangelie sê: „John is probably no eye-witness" (p. 3).

* Volgens hom teologiseer die onbekende skrywer tot so 'n mate dat die historisiteit van die Evangelie ernstig in gedrang kom: „For the western mind there is an almost unbearable tension between history and theology in the Gospel... How can John maintain that he writes about the historical Jesus while in many respects he actually seems to be presenting the later theology of the Church concerning the exalted Christ? " (p. 2; vergelyk ook p. 124).
* Die evangelis sou uitvoerig van 'n sogenaamde Semeia-bron gebruik gemaak het vir sy feitemateriaal, maar tog skerp krities gestaan het teenoor die „teologie" van sy bron: „John is critical of his source's use of miracles to inspire faith. As far as this 'apologetic' theme is concerned, we can hardly go further than the statement of Bultmann that the miracles are a concession to human weakness. This theme is no central part of John's theology" (p. 105).
* Die evangelis huiwer volgens Nicol nie om ter wille van sy eie teologiese oortuigings en ter wille van die lewensituasie (Sitz im Leben) van sy geadresseerdes, 'n radikale ombuiging van die Sitz im Leben van sy S-bron te maak nie. (en – dit is die indruk wat Nicol by my laat – die S-bron self wyk ook reeds ver af van die Sitz im Leben van Jesus self). Aangesien die evangelis skryf vanuit die situasie ná 85-90 n.C. toe Gamaliël II die finale breuk tussen sinagoge en kerk veroorsaak het, spreek die *Johanine Jesus* (p. 143) deurgaans in

skerp konfrontasie teen en selfs in dissosiasie van die Jode (vergelyk pp. 142-149).
* Die finale slotsom van die proefskrif herinner sterk aan die taal van die geleerdes van die gemeente-teologisme. *Johannes* projekteer die gebeure van sy eie tyd sowel as sy eie tydsituasie terug in die mond en dade van Jesus: „In many respects it seems that the present circumstances in John's town are reflected by his way of describing the confrontation between Jesus and the Jews" (p. 145). En dit skep vir die Evangelis geen probleem rakende historiese betroubaarheid nie, omdat „one of the essential principles of this (vir: „his"? – JCC) theology was that he saw the present conflict already reflected in the historical one. In his theology the historical Jesus and the exalted Christ living in the Church are identical, and, therefore, he is concerned about the essential unity of the persecution of Jesus and the Church" (p. 145).

Teen hierdie ontwikkeling in die Afrikaanse teologie, soos dit aansluit by die Europese kritiese Nuwe Testamentiese wetenskap, moet na my oordeel ernstig gewaarsku word.

Dit is egter selfs belangriker dat dit ons nog sterker moet stimuleer tot 'n indringende Skrifgebonde navorsing in die eieaard, die kerugma, die besondere openbaringsbetekenis van die afsonderlike Evangelies (en ander boeke van die Nuwe Testament) soos hulle deur die Gees gegee voor ons lê; asook, om tot bogenoemde te geraak, dat ons moet werk aan die uitbouing en ontplooiing van 'n Skrifverantwoorde *metode* van evangelie-navorsing.

## 5. DIE WAARDE VAN 'N STRUKTUUR-ANALITIESE BENADERING KORTLIKS GEÏLLUSTREER MET DIE EVANGELIE VAN JOHANNES

### 5.1 Inleidend

Dit is my sterk oortuiging dat veral die struktuur-analitiese metode van Evangelie-navorsing 'n besliste en onmisbare bydrae kan lewer tot die verstaan van die Evangelies (uiteraard geld dit *alle* Bybelboeke! ) in hulle eieaard en besondere prediking of kerugma. Ja, ek is oortuig dat dit ook vir die eksegese en eindelik vir die prediking baie waardevolle riglyne kan bied om in staat te wees om die detailgegewens werklik in die perspektief van die geheelopset te bestudeer.

*Die Evangelie van Johannes bied hiervoor vir ons besonder geskikte illustrasiemateriaal.*

Ek vra u dus om nou saam met my 'n baie kort wandeling langs die struktuur-analitiese pad te onderneem:

## 5.2 Strukturele merkers (rigtingwysers)

Voorvereiste vir die struktuur-analitiese navorser is die eis om nie met vooropgesette visie van wat die geskrif *behoort* te wees daarna te begin kyk nie, (byvoorbeeld 'n biografiese of histories-kronologiese benadering wat van buite af en byvoorbaat op die geskrif geprojekteer word nie).

Die eerste stap tot struktuur-analise moet wees die soeke na *strukturele merkers, deur die skrywer* self gegee, *in* sy geskrif.

Johannes bied inderdaad pertinente wegwysers na die strukturele opset van sy boek:

### *5.2.1 Die hoek van visie (Point of view)*[3)]

Dit is van kardinale belang by die beoordeling van die Evangelies om die hoek of punt van visie wat die skrywer gekies het, van waaruit hy die heilsgebeure beskryf, te identifiseer. Markus, byvoorbeeld, skryf vanuit die gesigspunt van die lewende waarnemer: hy verplaas homself en sy lesers as't ware terug in die tyd van die gebeure self. Daarom is sy Evangelie sterk impressionisties van opset.

Johannes daarenteen verskaf self herhaaldelik aanwysings dat hy as punt van visie neem 'n tydstip ná die opstandingsgebeure, selfs geruime tyd daarna, toe hy en die ander dissipels reeds leer *verstaan* het (vgl. onder andere 2:22; 13:7; 20:9). Hieruit moet ons konkludeer dat Johannes by uitstek ingestel is op 'n reflektatiewe, besonne globaalbeeld van Jesus se werk, gesien deur die bril van die opstandingsfeit. Dit verskerp ons ook vir die belangrike strukturele plek wat *kommentaar* op gebeure deur die Evangelis inneem in die Geskrif.

### *5.2.2 Die proloog*

In ooreenstemming met die tipiese styl van die Griekse en Romeinse klassieke skrywers, is dit 'n kenmerk van Johannes se geskrifte dat hy direk met sy openingsperikoop, en ook weer in sy slotperikoop kardinale dinge sê oor die wese en aard van sy geskrifte.

Bekyk ons dan sy Proloog (Johannes 1:1-18) van naby, vind ons 'n meesterstuk van fyn beplanning, 'n poëtiese kunswerk vol treffende stilistiese grepe en 'n pragtige eenheid van gedagte-opbou[4)].

In die lig hiervan mag ons ook 'n sterkgestruktureerde, fynbeplande *liggaam* van sy Evangelie te wagte wees.

5.2.3 *Stofseleksie*

Kardinaal aan die slot van die Evangelie staan Johannes 20:30-31:
„Nog baie ander tekens het Jesus voor die oë van sy dissipels gedoen wat in hierdie boek nie beskrywe is nie; maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo..."[1]

Hier vind ons 'n belangrike strukturele merker: 'n pertinente verklaring van die skrywer (weer herhaal in 21:25) dat hy 'n *skerp selektie we reduksie* van sy voorhande materiaal toegepas het.

Ons het hier dus *doelbewus* geen poging tot historiese volledigheid, of tot 'n omvattende biografie van Jesus nie.

5.2.4 *'n Tendensgeskrif*

In die lig van bogenoemde vra ons na 'n *principium selectionis:* waar Johannes dan skerp selekteer, volgens welke beginsel of maatstaf maak hy 'n keuse uit sy voorhande materiaal?

Dit vind ons weer eens uitgedruk in 20:30-31: „Nog baie ander tekens het Jesus voor die oë van sy dissipels gedoen wat in hierdie boek nie beskrywe is nie, maar hierdie is beskrywe *opdat julle tot die geloof kan kom*[5] dat Jesus die Christus is, die Seun van God; *en opdat julle* deur te glo *die lewe kan hê in sy Naam*".

Johannes wil dus *wel 'n historiese* geskrif skryf („voor die oë... gedoen").
Maar hy skryf ook met uitdruklike oogmerke:
(i) Geloofwekkend: die geskrif wil lesers *beweeg* tot ware geloof – die geloof dat Jesus, en niemand anders nie, die Messias en Seun van God is;
(ii) *Lewebrengend:* die Evangelis wil, deur lesers tot geloof te beweeg, hulle bring tot by die ware (ewige) lewe wat daar is in Jesus alleen.

Dit gaan dus vir die Evangelis beslis nie om 'n objektiewe of neutrale kroniek of 'n gewoon-kronologiese biografie van Jesus nie. By die ondersoek van die geskrif *móét* ons dus deeglik daarmee rekening hou dat dit in die beste sin van die woord 'n *tendensgeskrif* is: weifelende lesers moet *getendeer* word, *beweeg word* deur die geskrif.

Dit moet dan as die principium selectionis aangestip word: alleen die dinge wat ten beste geskik was om die lesers te laat *tendeer,* te laat beweeg tot geloofsaanvaarding, is deur Johannes gekies vir opname.

Hierdie definitiewe tendens van die Evangelis weerspieël hom onteenseglik in die strukturele opbou van die Evangelie. Ons sal hieronder byvoorbeeld aantoon hoedat beskrywinge van Evangeliese feite-materiaal deurgaans opgevolg word deur *kommentaar* (soms heel uitvoerig! ) *van die Evangelis* oor hoe die toeskouers en toehoorders met geloof of met ongeloof daarop gereageer

het, en hoe die hele geskrif uitmond in die klimaksmoment wanneer juis Thomas uitbreek in die heerlikste belydenis van geloof: „My Here en my God".

*5.2.5 Kerugmatiese sentraal-motief (-motiewe)*

Weer eens dien die kern-slotwoorde as duidelike merker (en analise van die Proloog bevestig dié gegewens! ): „opdat julle kan glo dat Jesus die Messias is, die Seun van God, en opdat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam" (20:31).

Die sentraal-motiewe hiervolgens is: In Jesus het die Goddelike Messias waarlik gekom en met sy koms het die ware (ewige) lewe 'n teenwoordige werklikheid geword vir elkeen wat glo.

Saamgetrek in een sentraal-motief: In Jesus se koms het die radikaal nuwe, lankbeloofde bedeling werklikheid geword, die bedeling van die ewige lewe vir elkeen wat glo.

*5.2.6 Die struktuur-fondament*

Is daar by Johannes in sy skerp stofseleksie 'n bepaalde stof*tipe* (Gattung) waaraan hy voorkeur gee, wat dien as 'n struktuurfondament, as u wil: 'n *rugstring* waaromheen al die *vleis* van die Evangelie uitgroei?

Die antwoord is: Ja, wel. Die beheersende strukturele motief, die grondpatroon van die Evangelie is te vinde in die *semeia* of tekens. So stel die Evangelis dit weer eens in sy finale opsomming van sy werk: „Nog baie ander *tekens...* maar hierdie (tekens) is beskrywe..." Hy vat dus self die geskrif inhoudelik saam as *primêr* 'n seleksie van die onmiskenbare *tekens* dat Jesus waarlik Goddelike Messias is en dus Brenger van die heilsbedeling van ware lewe vir elkeen wat glo.

Maar wat beteken *semeion* (teken) by Johannes? Hoewel baie teoloë daaronder niks meer meen te verstaan nie as *wonders* van Jesus[6)], stel ons met oortuigdheid dat terwyl Johannes *semeion soms* blykbaar wel in enger sin net vir *'n wonder* gebruik, hy dit egter *hoofsaaklik* in die ruimer sin (wat dit normaalweg in Grieks het) gebruik, naamlik om aan te dui: *enige daad van of aan 'n buitengewone persoon, in casu Jesus, waarin en waaruit duidelik spreek Wie en wat Hy is.* In hierdie siening skaar ek my by 'n uitnemende eksegeet soos Dodd (repr. 1965, pp. 142, 303) asook onder andere Boice (1970, pp. 88-91)[7)].

Die beheersende strukturele motief, die grondpatroon van die Evangelie blyk by nadere analise inderdaad die *semeia* of tekens te wees, waaronder die een allesoortreffende en beslissende teken is: die *eenheidsgebeure van kruis- en opstanding!*

### *5.2.7 Samehang van teken en prediking*

'n Laaste en beslissende strukturele merker vind ons by nadere analise van die tekens (sewe wonders en waarskynlik sewe ander daad-predikinge van of aan Jesus).

Dan blyk dit bo twyfel dat Johannes in soverre hy ook prediking van Jesus in sy geskrif opneem, hom by die seleksie daarvan streng te laat lei deur die wyse waarop Jesus sy mondelinge prediking laat aansluit by bepaalde tekens of daadpredikinge. Daar is naamlik onmiskenbare voorbeelde van die aller nouste en ooglopendste verbandlegging tussen bepaalde tekens en hetsy voorafgaande of direk opvolgende preke of getuienisse. Byvoorbeeld: Broodteken en Brood van die lewe-preek (Johannes 6); Lig van die wêreld-preek en Blindgeborene-teken (Johannes 8-9). Wanneer vanuit hierdie strukturele merker die liggaam van die Evangelie besien word, word dit duidelik dat dit 'n deurgaans beheersende strukturele motief is. (Daar moet egter steeds onthou word dat hiermee saam ook ander motiewe 'n belangrike plek inneem, byvoorbeeld die feeste-motief).

## 5.3 'n Struktuur-analise[8)]

*Glo in Jesus as Messias-Seun, die Brenger van die nuwe Bedeling van die Lewe.*

### *5.3.1 Breë analise*

A. Inleiding: 1:1-51
B. Liggaam: 2:1-20:31
Deel I: TEKENS gevolg deur aansprake – 2:1-7:52
Deel II: AANSPRAKE gevolg deur tekens – 8:12-11:54
Deel III: TEKENS gevolg deur aansprake – 11:55-19:16
Deel IV: FINALE TEKENS met kernspreuke daarin verweefd – 19:17-20:27
Deel V: Klimaks en slot – 20:28-31
C. Epiloog: 21:1-25
D. Appendiks: 7:53-8:11

### *5.3.2 Detail-analise*

*A. Die Inleiding: 1:1-51*[9)]

*I. Proloog (of Logoslied) : 1:1-18*

1. Die Goddelike Woord, Skepper ook van die nuwe Lewe (1:1-5)
2. Die Lig-Woord, Bewerker van die nuwe Ligdag (1:6-13).
3. Die Mensgeworde Woord, Openbaarder van God in heerlikheid en genade (1:14-18).

*II. Die Getuie lei na Jesus, die Messias: 1:19-49*

(Let op die geleidelike verskuiwing vanaf die Getuie na die Messias! )
1. Die Getuie trek die skeidslyn tussen homself en die Messias (1:19-28).
2. Die Getuie wys die Messias op die man af aan (1:29-34).
3. Die Getuie tree terug – 'n eerste ontmoeting met die Messias (1:35-42).
4. Die Messias tree handelend na vore – en ontlok 'n spontane belydenis (1:43-49).

*III. Aankondiging van wat nóu gaan volg: Magtige tekens! 1:50-51*

(Die oorgang van die Inleiding na die Liggaam van die boek).

*B. Die Liggaam: 2:1-20:31*

*Deel I: TEKENS gevolg deur aansprake: 2:1-7:52*

Hierdie eerste deel val uiteen in *drie episodes,* waarin bepaalde tekens telkens opgevolg word deur daarmee korresponderende „preke" of aansprake:

*Eerste episode: Jesus, Brenger van die nuwe Bedeling: 2:1-4:42*

## I. Twee tekens

## 1.1 Bruilofsteken (in Galilea) – 2:1-12

Hierdie *skynbaar* minder uitsonderlike wonder, word deur Johannes aangewys as 'n uiters belangrike teken (2:11, vgl. ook 4:46 en 21:2): Jesus openbaar hier sy *doksa,* sy koningsglorie van die nuwe Bedeling!

Hoeso?

(i) Dis die *uur* (vers 4) van die deurbraak van die nuwe bedeling: die wetskanne (Ou Bedeling) word gemaak tot feeskanne (Nuwe Bedeling);
(ii) Die nuwe Bedeling is die geheel betere:
– water > wyn;
– beste wyn laaste.
(iii) 'n Gewone bruilof word só 'n messiaanse fees!
(iv) Reaksie op teken: 2:11(b).

*1.2 Tempelreiniging (in Judea) – 2:13-35*

(i) *Herstel* van suiwere diens van God (verse 16-17).
(ii) Die herstel simboliseer die komende *ware diens* van God in Christus: oprigting van die nuwe tempel in die opgestane Christus (verse 19-21).
(iii) Só is hierdie teken reeds 'n skadu-teken van die gróót teken van kruis-en-opstanding (vers 22).
(iv) Reaksie op teken: 2:23-25.

### 2. *Drie aansprake*

(Let op die verbinding tussen gesprekke en voorafgaande tekens in 3:2).

*2.1 Met Nikodemus – 3:1-21*

Hierdie gesprek slaan essensieel terug op *die tweede teken.*

(i) Wedergeboorte: herstel tot die ware diens van God.
(ii) Vernuwing en reiniging tot tempels van die Heilige Gees.
(iii) Hoe word dit moontlik? – Deur die kruis van Jesus, die afbreking en heropbou van God se ware tempel (vgl. 3:13-16 met 2:19-22).

*2.2 Laaste getuienis van Johannes die Doper - 3:22-36*

Hierdie gesprek slaan essensieël terug op *die eerste teken.*

(i) Jesus is die ware Bruidegom (3:26-33).
(ii) Die Bruidegom skenk die ewige lewe (3:34-36).

*2.3 Met die Samaritaanse vrou – 4:1-30*

Hierdie gesprek slaan terug op *albei tekens!*
Dit *trek* ten slotte ook die *lyne saam.*

(i) Jesus, die Gewer van die ware en lewende water – veel beter as dié van Jakob uit die ou Bedeling (die Bruilofsteken! ). Vgl. verse 7-15.
(ii) Jesus, die Brenger van die ware diens in Gees en waarheid – nie in 'n mensgemaakte tempel soos in die ou Bedeling nie (die tempelteken! ). Vgl. verse 16-24.
(iii) Sametrekking van die lyne van hierdie episode: Jesus, die ware Messias! Vgl. 4:31-42.

### 3. *Resultaat op hierdie episode – 4:31-42*

Die nuwe Bedeling kom in praktyk: die oes is dáár, want selfs Samaritane bely Hom as Messias en Saligmaker van die wêreld.

## *Tweede Episode: Jesus, Brenger van die Nuwe Lewe: 4:43-5:47*

### 1. *Twee Tekens*

*1.1 Seun van die koninklike beampte (in Galilea) – 4:43-54*

(i) Klem op „sterwe" (verse 47 en 49)

Hoop op die lewe hier nul – buite Jesus om.

(ii) Klem op *hy lewe* (verse 50, 51, 53).

(iii) Jesus skenk nuwe lewe.

*1.2 Sieke van Betesda (in Judea) – 5:1-15*

(i) Klem op 38 jaar lank – dus: nooit 'n normale lewe nie (vers 5).
(ii) Jesus skenk hom 'n ongekende, herstelde lewe.

*2. Een Aanspraak: Gesprek met die Jode – 5:16-40*

(i) Die Jode wil sy *lewe* neem (vers 16).
(ii) Ek maak *lewend* wie Ek wil (vers 21).
(iii) In My het die *Bedeling van die Lewe* reeds gekom! (verse 24-29).
(iv) Ek is die Messiaanse Lewe-gewer waarvan die Skrifte getuig het (verse 38-40).

*3. Resultaat op hierdie episode – 5:41-47*

Die Jode wil nie glo nie.

*Derde Episode: Jesus, die Brood van die Lewe: 6:1-71*

*1. Twee Tekens*

Let wel: *beide tekens* herinner aan God se magtige verlossingswerke op die woestynreis van Israel – dus *Eksodusmotiewe.*

*1.1 Spysiging van die 5000 – 6:1-15*

In die woestyn het Jahweh brood (manna) voorsien.
Nou is dit *Jesus* wat brood voorsien.

*1.2 Seewandeling – 6:16-21*

(i) By die Skelfsee het *Jahweh* die see geklief sodat sy volk, gered, daardeur kon loop. Nou kom *Jesus* sy volk reddend tegemoet oor die see heen!
(ii) En Jesus doen dit as Ego Eimi (vers 20).
(iii) Hy loop oor die see *reddend* tegemoet, want „dadelik het die skuit by die land aangekom..." (vers 21).

*2. Een Aanspraak: 6:22-59*

(Let op die verbinding van die preek met die voorafgaande tekens in 6:26).

(i) Verband met die eksoduswonders word uitdruklik gestel en deurentyd vasgehou – en wel beide Jahweh se brood- en sy watervoorsiening (verse 31-32; 35; 48-50; 53-55; 58).
(ii) Ek is die ware Brood; ja die Brood van die Lewe.
(iii) Nou is daar ware verlossing wat tot die lewe lei, nie soos in die Bedeling van Moses toe hulle tog gesterwe het nie.

*3. Resultaat op hierdie periode: 6:60-71*

Die skeiding van die weë rondom Jesus:
(i) Die groot massa sê: „Die woord is hard, wie kan daarna luister? " (6:60).
(ii) Die Twaalf sê: „Na wie toe sal ons gaan? U het woorde van Ewige Lewe" (6:68).

*Resultaat op die hele Deel I: Weifelende verdeling van ongeloof en geloof: 7:1-52.*

Deel I sluit af met nog 'n Eksodusmotief: die Huttefees, waarop die weifelende verdeeldheid tussen geloof en ongeloof in Jesus skerp geteken word – en kontras met Jesus se besliste getuienis dat Hy die messiaanse watervoorsiener is (7:37-38);
(i) Die Jode wil Hom dood (7:1).
(ii) Sy broers glo nie en dryf die spot (7:3-5);
(iii) Die skare wonder nog (7:12; 31; 43).
(iv) Fariseërs wil Hom gevange neem (7:32; 44), maar die polisiedienaars glo (7:36);
(v) Fariseërs weier om te glo (7:47-49), maar een uit hulle midde, Nikodemus, glo wel! (7:50-53).

*Deel II: AANSPRAKE gevolg deur tekens: 8:12-11-54*

Hier vind ons twee episodes waarin die orde nou omgekeer is sodat die aansprake voorop gaan en bevestig word deur korresponderende tekens.

*Eerste Episode: Jesus, die ware Lig: 8:12-9:41*

*1. Twee Aansprake*

1.1 Ek is die Lig van die wêreld (8:12-20).
1.2 Die waarheid van die ware Lig maak waarlik vry (8:21-59).

*2. Een Teken:*

*Genesing van die Blindgeborene (9:1-37)*

Let op die verbinding van die teken aan die voorafgaande preke in 9:5.
(i) Die werke van God moet in hom geopenbaar word (9:3).
(ii) Hy wat nooit enige lewenslig gesien het nie, aanskou nou dié Lig!
(iii) Ja, hy aanskou die Seun van God. (9:35-37).

*3. Resultaat op hierdie episode: 9:35-41*

Skerpe skeiding: 9:38-41
(i) Aanbiddende geloof van die blindgeborene.
(ii) Blinde ongeloof van die Fariseërs.
(iii) „Tot 'n *krima* (skeiding) het Ek in die wêreld gekom" (9:39).

*Tweede Episode: Jesus die Opstanding en die Lewe: 10:1-11:46*

*1. Twee Aansprake*

*1.1 Die Lewensaflegger – 10:1-21*

(i) Ek is die Goeie Herder (vers 11).
(ii) Die Goeie Herder gee sy eie lewe vir die lewe van die kudde (verse 10b, 11).
(iii) Ek het ook mag oor die opstanding uit die dood (verse 17, 18).

*1.2 Die Lewegewer – 10:22-42*

(i) Ek gee aan my skape die ewige lewe (vers 28).
(ii) Niemand kan hulle ruk uit my hand of my Vader s'n nie (verse 28,29).
(iii) Let daarop hoe die korrespondensie tussen die aansprake en die volgende teken geantisipieer word in 10:37-38.

*2. Een Teken*

*Opwekking van Lasarus uit die dood – 11:1-44*

(i) Doelbewuste draling totdat Lasarus gesterf het (verse 6, 14-15).
(ii) Dissipels wil saam met Jesus gaan *sterf*, terwyl Hý gaan om te toon dat Hy mag het om hulle die *lewe* te gee (verse 16, 23-26).
(iii) In dié teken openbaar Jesus Hom as Messias-Seun (vers 27).

*3. Resultaat op hierdie episode: 11:45-46*

(i) Baie van die Jode glo.
(ii) Maar ander soek die Fariseërs op.

*Resultaat van hele Deel II: 11:47-54*

(i) Die finale ongeloofsbeslissing van die Jode val: Hy móét dood (11:46-53).
(ii) Jesus trek Hom terug na die woestyn (11:54).
(iii) Onbedoelde profesie: Een sterf *vir* die volk!

*Deel III: TEKENS gevolg deur aansprake: 11:55-19:16*

Inleiding: Die laaste pasga is op hande – Jesus betree sy finale lydensweg (11:55-57).

*Eerste episode: Jesus, die ware Koning kom sterf vir sy volk: 12:1-50*

*1. Drie Tekens*

*1.1 Voetsalwing (12:1-11)*

(i) 'n Teken *aan* Hom verrig.
(ii) Duurste salf, geskik om 'n koning mee te salf, word nou oor sy voete gegiet!
(iii) 'n Salwing egter tot die *graf* (vers 7).
(iv) Eer, soos aan 'n koning, uit die hande van 'n *individu*.

*1.2 Koninklike intog (12:12-19)*

(i) 'n Teken *deur* Hom verrig.
(ii) Een van dié Messiaanse tekens volgens die profesieë (verse 13-15).
(iii) Koningseer uit die hande van *die volk Israel.*

*1.3 Grieke kom Hom eer (12:20-29)*

(i) Weer 'n teken *aan* Hom verrig.
(ii) Dit is die teken dat die *nasies* al begin toestroom na die Koning van die nasies.
(iii) Daarom weet Jesus nou: „Die uur het gekom dat die Seun van die mens *verheerlik* moet word (doksazein – koninklike glans en glorie ontvang, vers 23).

(iv) Daarom gee God self ook nou getuienis vir Hom (verse 28-29).
(v) Eer stroom in selfs van die *nasies.*

*2. Twee Aansprake*

2.1 Die owerste van hierdie wêreld gaan nou wyk voor die Koning – en dit aan die kruis! – 12:30-36.
2.2 Die Koningswoord sal die wêreld oordeel in die laaste dag – 12:37-50.

*Tweede Episode: Jesus, Brenger van die ware Eenheid met God – 13:1-17:26*

*1. Twee Tekens*

*1.1 Die Voetwassing* – 13:1-20

(i) Eerste motief: Die voetwassing *simboliseer* die bad in die bloed van Christus wat ons reinmaak om 'n tuiste te vind by Hom (verse 6-10).
(ii) Tweede motief: Een met Christus deur gehoorsame navolging (verse 12-17).
(iii) Sametrekking van die twee motiewe: die teken van volmaakte liefdeseenheid met die oog op sy kruis en die komende skeiding (verse 1-3).

*1.2 Die gemeenskapsmaaltyd – 13:21-30*

(i) Gewas deur Christus, het hulle 'n plek by Hom aan sy tafel.
(ii) Die vreeslike kontras: Een wat saam eet, sal My verraai.

*2. Vier Aansprake*

Inleiding: Ek gaan weg. Bring my weggaan, waar julle My nie nou kan volg nie, finale *skeiding?* (13:31-38). Vier uitvoerige gesprekke antwoord: Nee!

*2.1 Eenheid met die Drie-enige God – 14:1-31*

(i) met die Vader: „in die huis van my Vader is daar baie wonings" vers 2.
(ii) met die Seun: „sodat julle ook kan wees waar Ek is", vers 3.
(iii) met die Heilige Gees: „'n ander Trooster... om by julle te bly in ewigheid", vers 16.

*2.2 Die eenheid met die Seun – Die Ware Wynstok – 15:1-27.*

*2.3 Die Eenheid met die Gees – Koms van die Trooster – 16:1-33.*

*2.4 Gebed om die eenheid met die Vader – Hoëpriesterlike gebed – 17:1-26*

*Derde Episode: Die eindresultaat by die wêreld – 18:1-19:16*

Jesus uitgewerp in ongeloof:
1. Verraderlike gevangeneming – 18:1-11.
2. Valse verhoor – 18:12-19:11.
3. Onregverdige vonnis – 18:12-16.

*Deel IV: Finale Tekens en Kernaansprake verweefd – 19:17-20:27*

Die tyd van gesprekke is nou verby, daarom word die finale tekens telkens deurweef met kort kragtige aansprake.

*Eerste Episode: Jesus, die Ware Verlosser – 19:17-20:10*

*1. Die teken: Kruis-en-Opstanding*

(i) Die eenheid van kruis en opstanding as die één allesoortreffende semeion word in die Johannes-Evangelie herhaaldelik uitgedruk in die verheerlikingsuitsprake van Jesus. Vgl. 12:32-24; 12:31-33; 8:28; 3:13-15.
(ii) Vergelyk veral Jesus se aanduiding van sy groot teken in 2:18-22.

*2. Kernaansprake*

2.1 Hersteller van die ware gemeenskap tussen mense: „Vrou, dáár is u seun..." (19:26, 27).

2.2 Volkome Vervuller van die Skrifte: „Ek het dors" (19:28).

2.3 Die volkome skuldvereffening: „Dit is volbring" (19:30).

*Tweede Episode: Jesus, die Waaragtig-Lewende – 20:11-27*

Die drie verskyninge is die semeiae dat Jesus leef en tegelyk dat 'n nuwe bedeling ingegaan is: Dit is dieselfde Jesus en tog in 'n *ander* verhouding.

*1. Tekens*

1.1 Verskyning aan Maria Magdalena.

1.2 Verskyning aan die tien dissipels.
1.3 Verskyning met die oog op Thomas.

*2. Kernaansprake*

2.1 „Maria" – dus: Kyk, dit is Ek! Ek leef.

2.2 „Raak my nie aan nie" – Die tyd van die ou aards-menslike verhoudinge is verby.

2.3 „Vrede vir julle" – die ware vrede.

2.4 „Soos die Vader my gestuur, stuur Ek julle".

2.5 „Ontvang die Heilige Gees" – die nuwe bedeling van die Gees het gekom!

2.6 Weer: „Vrede vir julle! "

2.7 „Bring jou vinger... en moenie ongelowig wees nie..." – die waaragtigheid van die liggaamlike opstanding.

*Deel V: Die Klimaks en Slot – 20:28-31*

1. Die *Eindresultaat* by die dissipels wat *gesien* het: „My Here en my God" – 20:28.
Die heerlikste, volkome belydenis uit die mond van die vroeër kleingelowigste.

2. *Roepstem en belofte* aan die wat leef in „die bedeling van 'nie-sien-nie".
„Salig is dié wat nie gesien het nie, en tog geglo het" – 20:29.

3. *Samevatting* van inhoud en doel van die hele boek – 20:30-31.
Tot *hier* wou Johannes sy lesers bring („Nog baie ander tekens...") naamlik tot by die geloofsbeslissing:
* Jesus is die ware Messias en waaragtige Seun van God;
* Jesus is dus die enige Gewer van die Ewige Lewe;
* Glo dan en lewe!

*C. Epiloog*

Die verskyning by die see van Tiberias – 21:1-25.
* 'n Toevoeging deur Johannes self tot die eintlike liggaam van die boek, vanweë die onontbeerlike belang van hierdie openbaringsgebeure.

*D. Appendiks*

Die geskiedenis van die owerspelige vrou – 7:53-8:11.

* ’n Stukkie klaarblyklik baie ou en betroubare tradisie aangaande Jesus, maar wat nie oorspronklik deel van Johannes se evangelie was nie:
(i) Dit staan tekskrities vas;
(ii) Dit blyk ook dat dit struktureel geen staanplek het in die boek nie.

*5.3.3 ’n Voorbeeld van die waarde van struktuur-analise vir die eksegese van ’n crux interpretum*

In Johannes 6:1-71, het ons ’n goeie voorbeeld van die waarde wat ’n struktuur-analise kan inhou vir die eksegese van probleem-gedeeltes in ’n geskrif.

Daarom vra ek u aandag ten laaste vir ’n kort uitbreiding oor dié gedeelte.

Ons het hier in 6:1-15 die teken van Broodvoorsiening aan die 5000. In 6:22-59 volg die prediking van die Ware Brood van die Lewe wat so duidelik aansluit by die teken. Maar waarom staan die kort perikoop van Jesus se wandeling op die see (6:16-21) direk hiertussenin? Volgens menige kritiese eksegeet is dit ’n sogenaamde *dislocation*, ’n verplasing wat nie hier hoort nie. Sodra ons egter die strukturele opset van Johannes erken soos hierbo uiteengesit, en dus daarop ingestel is dat *albei* die voorafgaande tekens verband behoort te hou met die opvolgende preek, word die geheel van hoofstuk 6 met ’n nuwe insig benader: die preek wat volg sluit ten nouste aan by die eksodus-geskiedenis (vgl. verse 31-32; 48-51). So word Jesus se broodversiening deur ’n pregnante „Ek is — uitspraak” verbind aan die manna — wonder van Jahwe in die eksodus-geskiedenis. Maar die ander groot wonders van God in die eksodus was by uitstek die waterwonders, waaronder as grootste vir Israel steeds gegeld het die deurtog deur die Skelfsee — daar waar Jahwe sy volk reddend tegemoet gekom het deur hulle veilig deur die see te laat trek. En nóú kom die Goddelike Messias weer na sy volk met *tipiese eksodus-tekens:* broodvoorsiening én ’n reddende koms na sy mense oor die stormsee heen, met die gevolg dat hulle „dadelik by die land aangekom ... het” (6:21).
* Hiermee, glo ek, kry die Seewandeling ’n geheel wesenlike en ryke betekenis in sy konteks.

## 6. SLOT

Ek vertrou dat ek hiermee my pleidooi vir vernuwing en verdieping in die Besondere Kanoniek prinsipieel verantwoord het en ook, sy dit dan deur net enkele steekproewe uit ’n struktuur-analise van Johannes (waarmee vanselfsprekend nie alle ryke fasette van hierdie wonderlike Geskrif gedek is nie) oortuigend genoeg aangetoon het dat hierdie metode van Skrifnavorsing ten minste ernstige oorweging verdien, as *een* van die weë waarlangs ons verstaan van die Skrifte verdiep en die ware didache in ons prediking verryk kan word tot seën vir die kerk van Christus en tot eer van onse God.

**VERWYSINGS**

1) Besonder verblydend is die gelykluidende standpuntname van dr. J. de Vuyst (1968). Hy stel ter aanvang (p. 5): „De bizondere nieutestamentische kanoniek ziet zich onder meer voor de taak gesteld, de afzonderlijke nieutestamentische boeken te doen kennen in hun structuur. Dat wil zeggen: in de wijze van hun thematisch en stilistisch opgebouwd zijn tot een geheel... Een structuuranalyse als thans bedoeld wordt, heeft deze wisselwerking tussen gedachtengangen en uitdrukkingsmiddelen nauwkeurig te ontvouwen om juist hierdoor licht te werpen op de samenhang van het bestudeerde boek in zijn totaliteit en zoo ook op de eigen plaats van dit boek in de kanon".

2) Leidene denkers op dié terrein is veral Hans Conzelmann met sy werk oor Lukas (1953); Willi Marxsen met sy navorsing oor Markus (1956); Günther Bornkamm, Gerhard Barth en Heinz Joachim Held met hulle publikasie oor Mattheüs (1960).

3) Wead (1970) wy 'n hele en belangwekkende hoofstuk aan *The Post Resurrection Point of View* in Johannes.

4) Hier is uiteraard nie ruimte om die bewysmateriaal te behandel nie. Uit die breë literatuur oor die Proloog word hiervoor die aandag veral gevestig op die deeglike artikel van H.N. Ridderbos (1968).

5) Voorkeur word gegee aan die lesing met die aoristus konjunktief, *pisteusête*, wat dan ingressiewe waarde het.

6) Onder die jongere voorstanders hiervan tel onder andere Brown (1966); Fortna (1970); Nicol (1972) – hoewel hy toegee dat dit ook 'n wyer betekenis by Johannes het.

7) Bewyse hieroor is onder andere 2:23 („omdat hulle sy *tekens* gesien het" – hoewel nog net een *wonder* beskryf is; vgl. ook 3:2); 2:18-22 (kruis- en opstanding in sy gróót teken! ); 12:37; en veral 20:30 waar die hele boek saamgevat word as *semeia* terwyl die laaste wonder in hoofstuk 11 voorgekom het! Hierdie laaste feit dwing 'n voorstander van die engere interpretasie van *semeia* soos W. Nicol tot die hipotese dat 20:30 eintlik 'n verplasing is van die slot van die S-bron vanaf hoofstuk 11 na hoofstuk 20 – a.w. p. 29.

8) Wat hier volg sluit in enkele opsigte aan by die analise van Dodd (1965). Dit verskil egter op kardinale punte en trek die lyne verder deur.

9) Let wel: versnumering volgens die Grieks wat vanaf vers 38 anders is, naamlik een minder as in Afrikaans.

## BIBLIOGRAFIE


BOICE, J.M. 1970. Witness and revelation in the Gospel of John. Exeter, Paternoster.

BORNKAMM, G., BARTH, G., & HELD, H.J. 1960. Überlieferung und Auslegung im Matthäusevangelium. Moers. (Wissenschaftliche Monographien zum A.u.N. Testament, Bd. 1).

BROWN, R.E., *red.* 1960. The Gospel according to John. New York, Doubleday. (Anchor Bible, 29, 29A).

CALVIN, J. 1845. Commentary on a harmony of the evangelists, Matthew, Mark, and Luke. Translated from the original Latin, and collated with the author's French Version, by the Rev. William Pringle, Vol. I. Edinburgh, Calvin Translation Society.

CONZELMANN, H. 1953. Die Mitte der Zeit; Studien zur Theologie des Lukas. Tübingen, Mohr.

DE VUYST, J. 1968. De structuur van de apokalyps. Kampen, Kok.

DODD, C.H. 1965 repr. 1953. The interpretation of the fourth Gospel. Cambridge, University Press.

FORTNA, R.T. 1970. The gospel of signs; a reconstruction of the narrative source underlying the Fourth Gospel. Cambridge, University Press. (Society for New Testament Studies Monograph Series, 11).

KUYPER, A. 1894. Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid. Amsterdam, Wormser. 3dle.

MARXSEN, W. 1959. Der evangelist Markus. Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht.

NICOL, W. 1972. The semeia in the Fourth Gospel; tradition and redaction. Leiden, Brill. (Supplements to Novum Testamentum, v. 32).

RIDDERBOS, H.N. 1968. Opbouw en strekking van de proloog van het evangelie van Johannes. (*In sy:* Het woord, het rijk en onze verlegenheid. Kampen, Kok).

STEIN, R.H. 1969. What is Redaktionsgeschichte. *Journal for Biblical Literature,* 88:48-49.

WEAD, D.W. 1970. The literary devices in John's Gospel. (Theologische Dissertationen, Bd. 4). Basel, Reinhart.